GOUDVELD-HOËRSKOOL

SENIOR SERTIFIKAAT EKSAMEN 2014

BESTUURSPLAN

Doelwitte en Uitkomste

1. Om aan die matrikulant die geleentheid te gee om die belangrikste eksamen van hul skoolloopbaan rustig sonder enige steuring te kan aflê en sodoende hulle beste te kan lewer.

2. Behoorlike kontrole en toesighouding sodat geen ongerymdhede kan plaas-vind nie.

3. Doelwit 100% slaagsyfer.

Kontrolering (monitering) van plan

1. Lokaal word 8:30 oopgesluit sodat kandidate hulle plekke kan inneem.

2. Die volledige prosedure vir eksamens (sien die dokument "Prosedure vir alle Eksamenlokale") word puntsgewys met die kandidate gehanteer deur die Hooftoesighouer of alternatiefdie Waarnemende Hooftoesighouer.

   Hooftoesighouer: _____
   Waarnemende Hooftoesighouer: _____
   Waarnemende Hooftoesighouer: _____

3. Eksamensessie word begin met skriflesing en gebed.

4. Skoolhoof (indien nie beskikbaar nie, adjunkhoof) maak vraestelle oop in teenwoordigheid van toesighouers en kandidate, waarna dit uitgedeel word.

5. Skoolhoof kontroleer met leerders of almal se vraestelle volledig is.

6. Geleentheid aan leerders om instruksies van betrokke vak deur te gaan.

7. Leerders begin stiptelik 9:00 oggendsessie en 14:00 middagsessie met eksamen.

8. Deeglike toesighouding gedurende eksamensessie.

9. Alle rofwerk moet in antwoordboek gedoen word.

10. Tweerigtingradio moet beskikbaar wees sodat skoolhoof gekontak kan word indien enige probleem mag opduik.

11. Aan einde van eksamensessie word antwoordstelle ingeneem.

12. Maak seker dat aantal antwoordstelle met aantal kandidate korreleer.

13. Indien kandidaat meer as een antwoordboek gebruik het, moet dit genommer word bv. 1-3; 2-3; 3-3.

14. Nadat antwoordstelle ingeneem is moet dit behoorlik verpak word volgens voorskrifte van onderwysdepartement.

15. Leerders moet vir elke sessie in- en uit teken.

16. Amptenare van die onderwysdepartement teken as bewys dat antwoordstelle teruggeneem word.

Sitplan van kandidate

1. Gr. 12 leerders skryf hul eindeksamen in skool se Gimnastieksaal, behalwe die RTT en die IGO wat in ander geallokeerde lokaleskryf.

2. Leerders sit in numeriese volgorde volgens hul eksamennommer.
3. (Alfabetiese volgorde)

4. Elke leerder se voorletters, van, asook sy eksamennommer word op ’n etiket op sy/haar eksamenbank aangebring.

5. Elke leerder sit vanaf die eerste eksamensessie en vir die res van die eksamen dieselfde sitplek.

oooOOOooo